

Woensdag 10 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 24:1-18

Fokusgedeelte: Eksodus 24:6-8

God verseker sy volk van sy beloftes

Dit is veral in moeilike tye dat ons baie bewus raak van ons eie en die wêreld se onvermoë om beloftes na te kom. Ons word teleurgestel en dit bring onsekerheid.

Vir Israel was die woestynreis ook 'n baie moeilike tyd. Hulle het baie beloftes ontvang dat die Here hulle sal bewaar en die land Kanaän vir hulle sal gee. Die omstandighede was egter só moeilik dat hulle dikwels getwyfel het.

Op die berg Sinai verskyn die Here dan op 'n besondere manier aan sy volk (vs 17) om sy verbond met hulle met bloed te bevestig. Die bloed is die simbool dat God se volk van die ou verbond gereinig is van hulle sonde en ingelyf is in die koninkryk van God om aan Hom gehoorsaam te wees (vs 6-8). So is hulle verseker van sy beloftes.

Tog kon die bloed van diere nooit die sondes wegneem nie. Dit was slegs heenwysings na die bloed van Jesus Christus, die Middelaar van die nuwe verbond (Heb. 9:12-15). Sy bloed is dan ook vir jou wat in Hom glo, die versekering van vergifnis van jou sonde en van die ewige lewe.

As jy dan teleurgestel word en twyfel jou beetpak omdat jou lewe nie verloop soos jy beplan en dalk gebid het nie, onthou, by jou doop is God se genadeverbond met jou bevestig en elke keer as jy nagmaal gebruik, word jy deur die Heilige Gees verseker van sy genadige voorsiening.

Vertrou dan op Hom en wees self ook gehoorsaam en betroubaar.

Sing: Skrifbelyning 5-3:2

Ds. JB du Plessis (Jan) (Emeritus)